Conquesta 2008

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Afrikaans Taal 2 – Graad 7

Welkom by Conquesta Olimpiade. Ons vertrou dat jy dit baie sal geniet, en baie sal leer, terwyl jy lees en die vrae beantwoord. Nadat jy die inligting en die vrae noukeurig bestudeer het, moet jy 'n keuse maak. Sodra jy besluit het watter antwoord mees korrek is, moet jy die toepaslike blokkie volledig inkleur. Gebruik asseblief 'n 2B of B potlood vir hierdie doel. Indien jou antwoord vir Vraag 4 'c' is, moet die blokkie gemerk 'c' wat teenoor Vraag 4 verskyn, netjies ingekleur word. (Sien onderstaande voorbeeld). Kleur slegs een blokkie per vraag in en maak seker dat foute behoorlik uitgewis word sodat jou antwoord duidelik is.

Voorbeeld:-

4.	a	b	■	d

Lees die gedig en beantwoord vrae 1 – 7.

1. Hoekom moet Boet 'n afspraak by die tandarts maak?
(a) Sy rug is seer.
(b) Sy tand is seer.
(c) Sy hand is seer.
(d) Sy gesig is seer.

2. As 'n mens te veel lekkers eet ……
(a) kry jy gaatjies in jou tande.
(b) kry jy nuwe tande.
(c) kry jy groot tande.
(d) kry jy mooi tande.

3. Wat sit die tandarts oor sy mond voordat hy na jou mond kyk?
(a) mondskerm (b) mondspoel
(c) masker (d) monster

Die tandarts

Een van die tandjies het pyn.
Kom, laat my kyk wat makeer.
Al die lekkertjies het 'n gaatjie gemaak.
Daarom kry tandjie so seer.

Maak jy tog net jou mondjie oop –
Ek sal die gaatjie met 'n vulsel stop.
En as jy klaar geëet het, Boet
Moet jy jou tandjies skrop.

Liesel van Niekerk – (uit: Luister en leer tuisprogram)

4. Waarop sit jy sodat die tandarts na jou mond kan kyk?
(a) tandartsboor (b) tandartsstoel
(c) tandartskamer (d) tandartsassistent

5. Wat is melktande?
(a) ou tande (b) sterk tande
(c) laaste tande (d) eerste tande

6. Die tandarts stop die tand met ……
(a) 'n versiering. (b) 'n vulsel.
(c) 'n verrassing. (d) 'n verstand.

7. 'Jy moet jou tandjies skrop' beteken ……
(a) jy moet op jou tande byt. (b) jy moet jou tande laat trek.
(c) jy moet jou tande flos. (d) jy moet jou tande borsel.

Bestudeer die leesstuk en beantwoord vrae 8 – 20.

8. Waarom moes Marie na die dokter gaan?
(a) Sy voel bly.
(b) Sy voel gelukkig.
(c) Sy voel siek.
(d) Sy voel gesond.

9. Wie maak vir haar 'n afspraak?
(a) Haar ouma.
(b) Haar ma.
(c) Haar pa.
(d) Syself.

Marie besoek die dokter

Een oggend toe Marie wakker word, is haar maag so seer dat sy nie ontbyt kon eet nie. Sy het 'n hoofpyn en 'n seer keel. Haar ma maak 'n afspraak by dr. Breedt. Hy is gaaf en lief vir kinders. By die spreekkamer sit al die pasiënte in die wagkamer. 'n Ou man se been is in gips. Die vriendelike ontvangsdame sê dat Marie die dokter kan sien.

Dr. Breedt plaas sy stetoskoop op haar bors om te luister hoe sy asemhaal. Hy kyk in haar keel en haar ore. Hy gee vir haar 'n koorspen wat sy onder haar tong moet hou. Na 'n rukkie kyk hy na die koorspen en sê: "Ek kan sien dat jy 'n koors het." Marie is benoud dat sy 'n inspuiting sal moet kry. Dr Breedt sê dat sy griep het. Sy kry 'n voorskrif en neem dit na die apteek. Die apteker gee vir haar die regte medisyne.

Sy voel sommer gou beter.